Publication: Rapport (KZN), Beleef
Date: Sunday, August 08, 2021
Page: 16

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**



‘Nou gryp sy kinders links en regs. . . .’ Wie erf wat wanneer iemand sterf?

# ’n Lewensmaat hét regte

Het ’n lewensmaat enige regte? Ek kyk vandag na dié vraag. Ek fokus op vroue, maar dit geld albei kante toe en sluit homoseksuele verhoudings in.

Die leser wat die vraag aan my gestel het, is duidelik erg omgekrap. Die man in haar lewe is dood. Nou gryp sy kinders links en regs. Ook van dit wat aan haar bemaak is. En die prokureur wat die boedel administreer, laat haar weet dat “omdat ek die oorledene se lewensmaat was, gee dit my nie die reg om enigsins te erf nie”.

Ons kyk eers kortliks na die stelling van die prokureur. Niemand, ook nie ’n lewensmaat nie, het ’n reg om te erf (in ons reg) nie. Dit geld solank as wat die testateur nog leef. Kortom, enigeen kan bemaak soos hy wil. Hy kan sy testament verander as hy wil.

Maar, wanneer die persoon gesterf het en die boedel “oopval”, vestig dit haar reg om dít wat hy aan haar bemaak het, te kan erf.

Dit moet egter onderskei word van ’n verdere stap. Dit is wanneer die reg om te kan erf afdwingbaar word. Die testateur kon byvoorbeeld ’n voorwaarde om te erf gestel het, wat sy eers moes aanvaar of repudieer.

Kortom, sy het wel ’n reg om te erf as daar bemakings aan haar gedoen is. In die geval van ons leser is die restant aan haar bemaak en aan die kinders elk ’n plaas. Die restant is alles wat oorbly in die boedel ná spesifieke bemakings (ook boedelkoste en skuld).

Anders gestel, behalwe die twee plase, erf sy alles. Hulle het geen reg om enigiets te kom verwyder nie. Hulle het geen reg om meer te erf as wat hul pa in sy boedel vir hulle nagelaat het nie. Sy het die reg om die restant te erf.

Dit wat betref die regte wat in ’n testament geskep word.

Is daar ander regte vir mense in ’n saambly-verhouding? Ons kan ’n verhandeling hieroor skryf, dus raak ek net kortliks aan ’n paar punte.

**■ Die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades (Wet 27 van 1990)**

Die wet bepaal dat ’n gade in ’n huwelik ’n eis om onderhoud kan instel teen die boedel van ’n oorlede gade. Dit is egter nie beskore vir mense in ’n saambly-verhouding nie. In die saak Volks vs. Robinson (2005) het die konstitusionele hof beslis dat die wet net van toepassing kan wees op diegene wat gekies het om te trou.

In 2006 het die konstitusionele hof in die saak Gory vs. Kolver die deur op ’n skrefie oopgemaak vir saamblyers deur te beslis dat gay mans (wat in daardie stadium nie kon trou nie) as “gades” beskou moes word vir doeleindes van die Wet op Intestate Erfopvolging (Wet 81 van 1987). Maar deesdae is so ’n troue moontlik, so ek meen ons is terug by die Volks-beslissing wat dit aanbetref.

Natuurlik raak dit nie die lewensmaat se reg om te erf soos ek hierbo noem nie, net die reg om te eis ingevolge die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades.

**■ Belasting**

Die ontvanger van inkomste is ’n bietjie meer genadig en beskou ’n lewensmaat - in ’n verhouding wat bedoel is om permanent te wees - as ’n gade. ’n Testamentêre bemaking aan ’n lewensmaat, byvoorbeeld, is net so aftrekbaar vir boedelbelasting as ’n bemaking aan ’n gade in ’n formele huwelik.

So ook wat kapitaalwinsbelasting betref. ’n Kapitaalbate wat aan ’n lewensmaat oorgedra word (in lewe of dood), is ook onderworpe aan die oordra van die basiskoste na die lewensmaat.

**■ Pensioen- en uittree-annuïteitsfonds**

Dis dalk nie ’n reg nie, maar ’n lewensmaat in ’n saambly-verhouding staan ’n baie goeie, of beter as net ’n goeie, kans om suksesvol te wees met ’n eis teen haar oorlede lewensmaat se pensioen- of uittree-annuïteitsfonds.

Die Pensioenfondswet (Wet 24 van 1956) het in art. 37C groot magte aan die trustees van fondse gegee oor aan wie om die voordele van ’n fonds toe te ken by die dood van die lid. In die Wysigingswet op Pensioenfondse (Wet 11 van 2007) is die definisie van “gade” juis gewysig om ook ’n “permanente lewensmaat” in te sluit.

Hierdie is dus ’n baie sterk “reg” (as ons dit so wil noem).

Ek moet dalk net noem dat die pensioen wat aangekoop is ná aftrede, byvoorbeeld ’n lewende annuïteit, nie in die oorledene se boedel val nie en dus begunstig kan word sonder inmenging van trustees.

Ter volledigheid moet ons egter kennis neem van die appèlhofuitspraak in die saak M vs. M (2020) waar beslis is dat die waarde van toekomstige uitbetalings uit ’n lewende annuïteit (die pensioen) wel deel sal uitmaak van die lid se boedel vir die doel van die huweliksaanwas (dit was ’n egskeidingsaak).

Ons bespreek nie die huweliksaanwas vandag nie, ons kyk na die regte van ’n lewensmaat. Maar hierdie beslissing maak vir my die deur op ’n skrefie oop vir lewensmaats wat ’n eis wil instel teen ’n oorlede saamblyer se lewende annuïteit.

**■ Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en ’n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.